**Skriflesing:** Job 33:9-28
Romeine 6:23
**Tema:** God praat met ons.

As gevolg van sy swaarkry, het Job ‘n klomp Godsvrae. Hy worstel met God en die rol van God in sy lyding. Hy beskuldig ook vir God. Ons lees in Job 33:9-11: “Ek is onskuldig, ek het nie oortree nie, ek is rein, ek het nie gesondig nie. Tog soek God fout by my, beskou Hy my as sy vyand. Hy behandel my as 'n gevangene, Hy hou elke voetstap van my dop.”

Job se 3 vriende kom sit by hom en gee stilswyend vir hom om. Na ‘n week probeer hulle antwoorde gee vir sy swaarkry en dan maak hul droog. Hulle het ‘n baie eenvoudige verklaring gehad dat boontjie sy loontjie kry. God beloon elkeen volgens sy werke. Met ander woorde: Job het ongetwyfeld 'n groot sonde gedoen waaroor die Here hom nou straf. As hy sy skuld bely en hom bekeer, sal alles weer regkom.

Wanneer Job se drie vriende na 'n al hoe heftiger debat met Job klaar gepraat het, praat ‘n vierde vriend, Elihu vanaf Job 32. Hy is jonger as die ander en moes eers wag dat hulle klaar praat.
Elihu beteken: “Jahwe(die Here) is my God.” Elihu is dus ‘n boodskapper van die koninklike heerskappy van God. Hy bring die boodskap dat lyding nie straf op die sonde is nie en dat God lyding in sy diens kan gebruik.

Hy het 'n ánder en beter kyk op dit wat Job oorgekom het gehad as die eerste drie vriende. Aan die einde van die boek Job lees ons dat die Here die eerste drie vriende verkwalik dat hulle nie reg van Hom gepraat het nie. Maar dié verwyt word nie aan Elihu se adres gerig nie. Dit is dus die moeite werd om na Elihu se bydrae te luister.

Ons leer sommer dadelik in Job 33:12-13 by Elihu iets baie belangrik van God. Dit is vir God onmoontlik om verkeerd te doen. Hy is die Alwyse en Almagtige. Hy hoef Homself nie aan ons te verduidelik nie.

Job worstel met God en dit is goed om by geleentheid met Hom te worstel. Hy beweer dat God hom as vyand beskou en soos ‘n gevangene behandel. In Job 30:20 kla hy: “Ek roep na U om hulp, maar U antwoord my nie. Hier staan ek, maar U steur U nie aan my nie.”
Elihu maak dit aan Job duidelik dat dit nie so is nie. Die Here is nie ‘n boelie is nie. Hy laat die mens wel deeglik verstaan waarom ons soms swaarkry. God praat met ons.

1. God praat deur vriende

2. God praat deur drome, veral drome wat jou onrustig en onseker maak en jou laat besef dat jy die lewe tog nie so onder beheer het as wat jy dink nie.

Elihu sê: in drome bemoei God Hom met eiewyse mense om hulle te stroop van trots en selfversekerdheid. So wil Hy mense van verkeerde dade af weghou en hulle van hoogmoed weerhou. Hy wil nie dat hulle sterf nie. Hy wil ons weer klein, nederig en afhanklik van Hom te maak.

Onthou Elihu praat in 'n tyd waarin die Here gereeld in drome Homself aan mense geopenbaar het. ‘n Paar voorbeeld van mense in wie se lewe drome ‘n rol gespeel het, is Jakob, Josef, Farao van Egipte en later koning Nebukadnesar van Babel. Vandag openbaar die Here Hom steeds deur drome aan mense. En in Handelinge 2:17 lees ons: “En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom.”

3. God praat ook met ons deur ernstige siekte, hartseer en teleurstelling.
Satan hoop dat ons ons rug op God sal draai wanneer hierdie goed gebeur. Hy hoop dat hierdie goed ons sal wegvat van God af.

Swaarkry is net nog ‘n manier waarop ons klein, nederig en afhanklik gemaak word en waarop ons na God toe terugdraai sodat ons saam met Paulus in die woorde van 2 Korintiërs 12:9-10 bely: “Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees. Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.”

Ons moet baie versigtig oor siekte dink, want daar is nie maklike antwoorde nie. Daar ís 'n verband tussen die ellende wat ons in hierdie lewe verduur en die sondeval. Alle ellende het hul oorsprong in ons keuse vir sonde en teen God.
Maar ons kan nie sê dat as gevolg van spesifieke sondes, ons spesifieke straf ontvang nie. En ons moet nooit vergeet nie dat Jesus Christus gesterf en opgestaan het om ons sonde te oorwin.

Wat ons wel verseker weet is dat God ons nie los in ons siekte en ellende nie. Job 33:23-24 is nie maklik om te verstaan nie. Die maklikste is om dit te verklaar soos dit hier staan. Elihu dink aan 'n besondere engel. Hierdie engel tree as die volk se verteenwoordiger en bemiddelaar by God op en red die mens wat byna dood was.

Baie jare later het God, deur sy eie Seun, die woorde van Elihu in ons lewens vervul. Hy het die losprys vir die lewe van elke doodsbenoude mens aan God betaal. Elkeen van ons was inderdaad doodsbenoud. Geeneen van ons het reg op lewe nie. Job, ek en jy verdien die dood. Selfs die mees voorbeeldige mense, was vasgevang in sonde en die loon van sonde is die dood.

Lewe en gesondheid is nie ‘n reg nie, dit is ons voorreg. Ons kan nie “demand” by God nie. Wat ons is en het is ‘n geskenk uit die hand van God. God skenk aan ons, deur Jesus Christus, dit wat ons op geen manier verdien nie, verlossing uit sonde en die lewe in oorvloed.

Dit is eers as 'n mens klein geraak het, ook deur vriende, drome of ernstige siekte dat ons besef hoe groot die losprys is wat daar vir ons lewens betaal is.

Dan verdwyn alle vanselfsprekendheid uit ons lewens. Dan eis ons nie meer nie. Dan kla ons minder en ons dien uit dankbaarheid.

4. God praat veral, soos vanoggend weer, met ons deur sy Woord. Hy verseker ons dat Hy nie sy kinders in sinlose lyding los nie. Hy, wat nie foute kan maak nie, gebruik ook slegte goed

wat in ons lewens gebeur tot ons voordeel. Hierdie goed hou ons klein voor God en naby aan Hom.

Ten spyte van wie ons is en wat met ons gebeur, word ons oorlaai met goddelike genade. Hy skenk aan ons die lewe in oorvloed wat uitloop op die ewige lewe.
Daarom kan ook ons uit dankbaarheid nie anders as om in die woorde van Job 33:27-28 te getuig nie: "Ek het gesondig, my nie gesteur aan wat reg is nie, en tog het God my nie gestraf soos ek verdien nie. Hy het my gered, ek het nie gesterf nie, nou lewe ek weer."
Amen